Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 24 Mei 1950 Prys 3d. No. 27

# WÊRELDHOF SIT OOR SUIDWES

**Suid-Afrika het die afgelope week sy saak in verband met Suidwes-Afrika voor die Wêreldhof in Den Haag bepleit. Die hof moet 'n mening uitspreek of die Unie die reg het om sonder goedkeuring van die Verenigde Volke-organisasie sy verhouding as mandaathouer met Suidwes te verander. Die vernaamste teenstander is die Verenigde State, nadat Indië afstand gedoen het van sy reg om mondelinge getuienis af te lê.**

**Die uitspraak van die hof is reeds by sy aanvang as 'n voldonge feit teen Suid-Afrika aanvaar.**

**Die regters wat moet besluit, is die volgende: Isidro Fabela Alfaro (Mexico), Alejandro Alvarex (Chili), J. Philadelpho de Barros E. Azvedo (Brazilië), Jose Gustavo Guerrero (El Salvador), Abdel Hamid Badawai Pasja (Egipte), Milovan Zoricic (Joego-Slawië), Hsoe Mo (China), Bohdan Winiarski (Pole), Sergei Borisowitsj Krilof (Rusland), Green H. Hackworth (Verenigde State), Helge Klaestad (Noorweë), sir Arnold D. McNair (Brittanje), John E. Read (Kanada) en Charles de Visscher (België).**

**Die voorsitter is Jules Basdevant van Frankryk.**

## 16 Lande Tree Op Teen Kommuniste

**Sestien lande het tot dusver die Kommunistiese Party verban — òf deur middel van wetgewing òf deur die eenvoudiger metode van inkerkering of teregstelling van die leiers, volgens 'n oorsig van United Press.**

**Die sestien lande is Griekeland, Turkye, die Libanon, Sirië, Korea, Birma, Indonesië, Indo-Sjina, Malaja, Portugal, Spanje, Peru, Boliwië, Shile, Brasilië en Venezuela.**

In Suid-Afrika, Australië, Denemarke, Egipte, Urugauy en Suid-Rhodesië word stappe oorweeg.

Lande waar die Kommunistiese Party nog wettig is, sluit in Kanada, Engeland, Israel, Japan, Indië, Siam, Ierland, Frankryk, Nederland, Swede, Switserland, België, Italië, Oostenryk, Colombia, Meksiko, die V.S.A. en Argentinië.

United Press het van sy korrespondente oor die hele wêreld die volgende prentjie gekry:

In lande waar Kommunisme 'n onmiddellike bedreiging is vir die landsbewind, soos in Griekeland, Korea en Indo-Sjina, sluit strawwe selfs die dood in. **In sommige lande, soos Frankryk, Italië en Finland, het die party geweldig gevorder. In Spanje is Kommunisme nie amptelik verban nie, maar daar is dit „'n gevaarlike beroep." In Indonesië is die Kommunistiese leiers òf tereggestel òf tronk toe gestuur ná die mislukte staatsgreep van 1948.**

Die V.S.A. het elf Kommunistiele leiers tronk toe gestuur weens rewolusionêre sameswering en kan nog verder toeslaan. **In Brittanje is daar nog geen teken van inkorting van die „tradisies van vryheid" nie.**

# RHODESIESE BRITTE SKRIK VIR AFRIKANERS

**'n Toenemende vrees vir die Afrikaner word in die jongste tyd in Suid-Rhodesië geopenbaar waar die getalle van Afrikaanssprekendes op enigeits tussen 15 en 30 persent deur verskillende waarnemers geskat word. Die senuweeagtigheid word miskien verhewig deur die groter en groeiende getalsverhouding in Noord-Rhodesië, met wie Suid-Rhodesië hoop om 'n afsonderlike dominium in die nabye toekoms te vorm.**

**Nadat die kongresse van die vernaamste partye 'n tyd gelede besluite teen Afrikaans as 'n moontlike tweede taal geneem het, het die munisipale kongres voorverlede week ook 'n formele besluit aangeneem dat Engels die enigste amptelike taal van Rhodesiese stadsrade sal wees. Die besluit is deurgevoer ten spyte van die versekering van Afrikaanse verteenwoordigers dat niemand aandring op 'n tweede taal nie en dat sulke besluite juis ten gevolge sal hê dat rasse-gevoelens aangewakker word.**

In 'n artikel in die S.A. News Review verlede week beklemtoon die Australiese besoekende geleerde, prof. Alexander, ook dat hy hierdie vrees vir Afrikaanse indringing in Salisburg waargeneem het.

**Dit is dus duidelik dat die onlangse uitlatings van Sir Godfrey Huggins eerder 'n openbaring van hierdie vrees is as 'n ergernis oor die dislojaliteit van 'n „seksie van die Afrikaners" soos hy dit later wou voorstel.**

### VERGELYK MET RUSSE

Ook die Rhodesiese pers openbaar hierdie senuweeagtigheid.

**„Die enigste ding wat vir Rhodesië minder gevaar inhou as die bedreiging van die Russe vir die hele Britse Ryk, is die Afrikanerbedreiging vanaf die suide en binne Rhodesië self," skryf Candid Opinion in sy uitgawe van Mei. Die blad vervolg:**

„Die Eerste Minister se tydsame houding teenoor die gevaar van Afrikanerindringing is lofwaardig en word ondersteun deur alle Britte hier asook deur baie Afrikaners wat goeie Rhodesiërs geword het. Terselfdertyd kan sir Godfrey vir homself 'n aantal vrae stel. **Waarom het hy dit hom agttien lange jare geneem om iets te besef wat altyd maar al te duidelik was? Waarom het hy nog niks gedoen om te verhoed dat Afrikaans in ons skole gedoseer word nie? Waarom het hy nog nie stappe gedoen om die stroom immigrante wat die Kolonie vanaf die Unie binnekom, te beëindig nie?** Dr. Malan het met groot sukses die aantal „gehate Britte wat die Unie binnegaan, verminder. Sir Godfrey hou aan om te praat. Is hy ernstig? Besef hy hoedat die bloed van elke ordentlike Brit kook wanneer hy belediging na belediging, gemik op die land en die volk wat hy liefhet, moet aanhoor?

### STOP IMMIGRASIE

**„Sir Godfrey is 'n groot Engelsman. Laat hy sy grootheid waardig wees en met alle getroue Rhodesiërs agter hom, vandag 'n end maak aan immigrasie van Afrikaners, en nie meer tyd verkwis op langdradige dreigemente nie. Laat hy aansluit by die lojale onderdane van Sy Majesteit in die Koninkryk van Suid-Rhodesië en saam met hulle sê soos wat Petain by die slag van Verdun gesê het: „Hulle sal nie verbykom nie.' "**

### „WELDAAD"

Candid Opinion skryf ten slotte: „Afrikaners kom die Kolonie binne onder die voorwendsel dat hulle lojale Britse onderdane is, terwyl hul eerste en enigste oogmerk is om Rhodesië af te sny van die Britse Ryk om daarna openlik sonder enige skaamte alle trou aan die Kroon te verwerp; die Kroon wat hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik is dat 'n beskawing opgebou is wat edel genoeg was om aan 'n klein volkie sonder enige verbeeldingskrag, wat hulle verower het, hul vryheid te gee, en daarna deur toegewendheid en goeie kameraadskap hierdie volkie gehelp het om daardie mate van vooruitgang en trots, indien nie beskawing, wat Suid-Afrika vandag geniet, te verkry," aldus Candid Opinion.

### RUSTIG

In teenstelling met hierdie vreesagtigheid heers daar in Noord-Rhodesië 'n baie goeie gees tussen die twee bevolkingsgroepe. **Dit word daaraan toegeskryf dat albei groepe, wat min of meer gelykop verteenwoordig is, in hierdie gebied hul diepe afhanklikheid van mekaar besef in die stryd teen die Britse regering se naturellebeleid.**

**Omdat die Afrikaner se tradisionele kleurbeleid die grondslag vorm teen die Britse, is die houding teenoor die Afrikaner simpatiek en word hy as 'n medestryder verwelkom.**

## Het Sowjet Se Vermoë Onderskat

**Dat die geheime diens van die Weste tans bereid is om die vordering van Rusland op die gebied van atoomwapens te erken, blyk uit 'n artikel in die tydskrif van die Unie-verdedigingsmag, Kommando, deur lt.-kol. J. du Toit, van die stafkorps. Kol. Du Toit erken dat Rusland reeds vier atoombomme per maand vervaardig — 'n feit wat geruime tyd gelede in Die O.B. berig is.**

**Die skrywer verklaar dat dit duidelik is dat Amerika die Russiese vermoë op hierdie gebied onderskat het en tans sy uiterste doen om sy voorsprong te behou.** As hierdie wedloop in bewapening nie tot oorlog lei nie, sal dit die eerste keer in die geskiedenis wees. In hierdie toekomstige oorlog tussen Oos en Wes sal Suid-Afrika se suidpunt die grens wees, aangesien die Middellandse See weer gesluit sal wees.

Met verwysing na die gevaar van 'n nie-blanke vyfde kolonne verklaar die skrywer dat die kommando-organisasie 'n waardevolle afweermiddel sal wees om binnelandse moeilikhede die hoof te bied.

## Weer Britse Onderdane?

**„As daar mense is wat weer Britse onderdane wil wees, moet hulle net sorg dat veldm. Smuts weer aan bewind kom," het mnr. J. G. Strydom, Minister van Lande, op 'n vergadering in Johannesburg gesê met verwysing na die stappe in die rigting van groter vryheid.**

**Die moeilikheid met min. Strydom se waarskuwing is net dat dit nie die „mense" se skuld is as genl. Smuts weer aan bewind kom nie, maar die Britse parlementêre stelsel wat voorsiening maak vir genl. Smuts se party as die „alternatiewe regering" wat vroeër of later weer aan bewind MOET kom.**

# OPROEP AAN VROUE

**Onderstaande oproep in verband met O.B.-dag word gedoen deur mev. C. Meyer, hoofvrou van Gebied C:**

**Ek groet die vroue van Gebied C. Hoewel ons mekaar nie dikwels sien nie, weet ek u is nog getrou op u pos, en ek kom nou na u daar waar u brandwag staan, ek kom na u met 'n baie dringende oproep.**



MEV. C. MEYER

**Augustusmaand nader weer, die verjaardag van ons geliefde O.B. nader weer. Laat ons sorg vir die verjaardaggeskenk.**

Sal elke vrou asseblief sorg dat daar in haar omgewing 'n insameling gehou word, u kan self besluit watter vorm dit sal aanneem. **Ons Beweging kan nie sonder fondse voortgaan nie, en maak staat op die allerbeste wat u kan lewer. Laat ons saamstaan en 'n werklike grootse poging aanwend.**

**Ons is veral nou tydens die verloftyd van ons Kommandant-generaal die skouer aan die wiel sit, sodat hy ons trou op ons pos sal kry as hy weer die tuig opneem.**

**Ons is baie jammer om te verneem dat ons K.G. nie gesond is nie, en ons bede is dat hy baie spoedig weer sal herstel want hy is vir ons onmisbaar.**

**Die Ossewabrandwag, waarin ons sien die verwesenliking van ons hoogste ideale, roep ons; laat ons antwoord op die roepstem, laat ons offer wat hy vra.**

**U dienswillige kameraad.**

# GEESTELIKE BANDE VAN EMPIRE HEGTER AS 'N GRONDWET

**Die wil om saam te werk en die aanvaarding van gemeenskaplike idees is 'n veel sterker Empire-band as geskrewe grondwette, volgens 'n verklaring van die Britse eerste minister, Clement Attlee, by geleentheid van 'n byeenkoms van die Empire-jeug. Hierdie band het verseker dat die Statebond reeds twee oorloë deurgemaak het sonder dat sy eenheid in gevaar gestel was.**

Attlee het gesê dat die Britse statebond 'n unieke organisasie is en die enigste voorbeeld van 'n ryk wat opgebou is deur 'n magtige staat wat deur 'n doelbewuste beleid sy mag oorgedra het aan diegene wat voorheen ondergeskiktes was en hulle gelyke vennote gemaak het. **„Tog het ons hier 'n organisasie wat sonder enige grondwet werk. Julle kan dink dat dit hom baie swak sal maak. In my leeftyd het die toets van oorlog tweemaal gekom en ons vyande het gemeen dat so 'n losse en swak omskrewe struktuur soos die Britse Statebond swak sal bly en uiteen sal spat. Inteendeel, die Statebond het bewys gelewer dat dit sterker is as state wat, uit die oogpunt van 'n papier-grondwet, gelyk het of hulle baie hegter saamgesnoer was.**

„Die rede daarvoor is dat die samewerking tussen volke en tussen volke en state nie afhanklik is van die volmaaktheid van geskrewe grondwette nie, maar berus op die wil om saam te werk en die aanvaarding van gemeenskaplike idees."

DIE O.B., WOENSDAG, 24 MEI 1950

# PROTES MEER PASLIK OP SALISBURY

Dit sal die Engelssprekendes in ons land wat in beroering is oor die voorgestelde maatreël teen die Kommuniste betaam om 'n bietjie kennis te neem van wat 'n bietjie hoër op in Afrika gebeur. Op 'n vergadering in die Kaapstadse stadsaal verlede week het 'n paar duisend hul stemme in protes verhef teen die aangekondigde wetsontwerp. Een van die sprekers het te kenne gegee dat die maatreël die regering 'n wapen in die hand stel om die Engelssprekendes, die „Loyal Dutch" en die nie-blankes as 'n vyfde kolonne te behandel. Dit sou dan ook die bedoeling van die regering wees omdat die H.N.P. tydens die oorlog gepraat het van 'n „swartlys" vir „Loyal Dutch" en die ontneming van politieke regte van diegene wat nie trou teenoor Suid-Afrika bewys nie.

Suid-Rhodesië vorm toevallig 'n spieëlbeeld van die Unie. Die twee kultuurgroepe, Engels- en Afrikaanssprekendes vorm in daardie gebied 'n teenoorgestelde verhouding as in die Unie. Daar is dit die Engelssprekendes wat in die meerderheid is en wat dan ook regeer. Ten spyte daarvan dat hulle erken dat onder die eerste baanbrekers van Rhodesië baie Afrikaners was, handhaaf hierdie gebied die amptelike standpunt dat daar nooit enige plek vir die Afrikaanse taal ingeruim sal word nie. **Die blote vrees dat logiese ontwikkeling net soos in die Unie dalk op tweetaligheid sal uitloop, het verskeie uitlatings in die afgelope tyd ontlok.** Eers het albei die grotere partye kongresbesluite geneem waarin tweetaligheid in beginsel afgekeur is. Daarna het die eerste minister, mnr. Godfrey Huggins, 'n skerp aanval op die Afrikanergemeenskap gedoen, hoewel hy dit by latere oorweging probeer beperk het tot „'n ekstremistiese minderheid" van die Afrikaners. En 'n week of wat gelede het ook die munisipale kongres van Suid-Rhodesië 'n besluit geneem waarin hy hom teen tweetaligheid uitspreek, hoewel daar geen sprake was dat iemand so 'n beleid aangevra het en geen aanduiding dat iemand voornemens is om so iets in die toekoms te vra nie.

**DREIG MET DEPORTASIE**

**Teen hierdie agtergrond moet die uitlating van die Rhodesiese eerste minister 'n paar maande gelede gelees word toe hy nie net te velde getrek het teen daardie seksie in Rhodesië wat „dreig om hul lewenswyse op ons af te dwing" nie, maar baie uitdruklik van sy kant gedreig het om hulle die land uit te sit.**

„As hierdie bedrywigheid om ons lewenswyse en ons erfenis te ondermyn, voortduur, **sal ek nie aarsel om die parlement te vra vir die mag om hulle terug te stuur vanwaar hulle kom nie,**" het hy gesê.

Met die weerklank van hierdie woorde nog in hul ore het die Rhodesiese regering 'n paar weke later gekom met 'n wetsontwerp teen die Kommunisme, net soos die Unie-regering. Geen Afrikaanse koerant het enige gedagte uitgespreek dat hierdie anti-kommunistiese maatreël ook gebruik kan word om dislojale elemente in Engelse kring op hul plek te sit nie— sulke gedagtes is die produk van die een of ander belaaide Engelse brein. **Maar wel het die Engelse pers te kenne gegee dat die Rhodesiese anti-kommunistiese wetsontwerp die regering die mag sal gee om teen daardie „dislojale Afrikanerseksie" op te tree waarna die eerste minister onlangs verwys het.** So het daar 'n berig uit Salisbury in die Sunday Times verskyn wat lui:

**KRY DIE MAG**

„Daar word geen poging aangewend om immigrante van die Unie te sif op grond van hul voormalige politieke oortuiging nie, en Nasionaliste is tans net so vry as enigiemand anders om Suid-Rhodesië binne te kom. **Maar as die nuwe wetsontwerp op ondergrondse bedrywighede wet word, sal die goewerneur die mag hê om enige persoon te deporteer wat nog nie Suid-Rhodesiese burgerskap verkry het nie en wat beskou kan word as iemand wat moontlik vyandigheid tussen seksies van die gemeenskap kan stig."**

In die geval van die Unie is dit net 'n klompie Engelse drywers wat die voorgestelde maatreël teen Kommunisme op hulleself van toepassing maak. **In Suid-Rhodesië, waar die rolle omgekeerd is, het die eerste minister gedreig met wetgewing om Afrikaners die land uit te sit en 'n paar weke later vertolk die Engelse pers self 'n voorgestelde maatreël as 'n magsmiddel om nasionaal-gesinde Afrikaners te deporteer.**

**Die vergadering in die Kaapstadse stadsaal skyn aardrykskundig effens misplaas te wees — Salisbury was die aangewese plek vir protes.**

*President of Goewerneur?*

# Voortrekkers Het Hulle President Goewerneur Genoem

**Volgens koerantberigte is ons Eerste Minister van opinie (1950) dat daar nog net een stap vir ons wag nl. om die Goewerneur-generaal deur die volk te laat kies en om hom dan „President" te noem.**

(Die volgende twee stappe word dus nie meer in die vooruitsig gestel nie, nl. ten eerste die skeiding tussen die uitvoerende en wetgewende gesag, sodat dieselfde persoon nie tegelykertyd minister en volksraadslid kan wees nie; en ten tweede: die afskaffing van die nuttelose senaat en die skepping van 'n Tweede Volksraad (of Gemeenskapsraad van deskundiges.) **Die regering sal dus nog hoofsaaklik op Britse lees geskoei wees, en die Britse konneksie sal onder die benaming Statebond bly voortbestaan.**

**VOORTREKKERS**

Waar die Voortrekkers (1836) ook republieke gestig het, is dit interessant om te let op die weg wat hulle gevolg het.

Aan die vooraand van sy uittog uit die Kaapkolonie het Piet Retief homself soos volg uitgelaat in sy beroemde manifes:

„Ons verlaat die Kolonie onder die volledige versekering dat die Engelse regering niks meer van ons te vorder het nie, en ons sonder verdere bemoeiing sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur."

Daar sou dus geen verdere band tussen die Emigrante en Engeland wees nie.

**„GOEWERNEUR"**

Piet Retief se trek het gedurende die eerste dae van April 1837 Maritz se laer by die Vetrivier bereik. Daar is op 17 April 'n groot volksvergadering gehou en Erasmus Smit het die resultaat as volg aangeteken: „De Ed. heer P. Retief wordt goeverneur; de Ed. heer G. M. Maritz blijft in zijn pos als magistraat."

Gedurende die daaropvolgende weke is die eerste Boeregrondwet opgestel, wat op 6 Junie deur 'n volksvergadering bekragtig is; en met dieselfde geleentheid het Retief met 'n plegtige eedaflegging sy amp as „Goeverneur en opperbevelhebber van't algemene leger" aanvaar.

**BANDE DEURGESNY**

**Die Voortrekkers wat die Pad van Suid-Afrika bewandel het, het die bande met die Engelse regering deurgesny, hulle eie staatshoof gekies . . . . en hom „Goeverneur" genoem.**

**Ons behou die bande met die Engelse regering, gaan die Goewerneur-generaal self kies . . . en hom „President" noem. Maar — daar lê nou die knoop: watter weg, vra ek, bewandel ons: Is dit die Pad van Suid-Afrika, of die Pad van Ierland of dalk die Pad van Indië? Of is ons reeds so verdwaald dat ons self nie weet nie?**

## *Deur A. J. van Rooy*

## Uitenhage Verwelkom Nuwelinge

Die O.B.'s van Uitenhage het weer 'n gesellige aand aan die huis van hul Adjudant, mnr. A. P. van der Wat, gehou by wyse van 'n verkoping waarmee 'n mooi bedraggie ingesamel is.

Mnr. Van der Wat het die aanwesiges, onder wie ook nuwelinge was, welkom geheet en gewag gemaak van die nuwe belangstelling in die Ossewabrandwag.

Hy het ook namens die O.B. van Uitenhage sy innige simpatie tennoor ons K.G. uitgespreek en gesê ons sal ons leier nie in ons gebede vergeet nie. Ons weet ook, het hy voortgegaan, dat die leiding in veilige hande tydens die K.G. se afwesigheid geplaas is.

Mev. Olivier, hoofkommandante van Port Elizabeth wat ook oorgekom het, het een en ander vertel van die gebiedsraadsvergadering gehou te Cradock.

Mnr. en mev. Alberts, Komdt. en komdte. van Port Elizabeth was ook teenwoordig. Die generaal, mnr. Els, kon ongelukkig weens ongesteldheid nie oorkom nie. — (Kor.)

## Hul Plig

**Toe van regeringskant hom die verwyt teen die kop geslinger is dat hulle sewentig uur vermors het met hul vertragingsaksie teen die wetsontwerp op volksregistrasie, het mnr. F. W. Waring verlede week in die volksraad gesê: „Ons is die oppposisie en dit is ons plig om te opponeer en ons opponeer elke punt."**

## Amptelike Doel Van Kommuniste

In 'n vlugskrif waarin hy te velde trek teen die voorgestelde wetgewing teen Kommunisme, verklaar die hoofbestuur van die Kommunistiese Party sy drieërley doelstelling as volg:

**„(a) 'n Sosialistiese republiek onder beheer van die sogenaamde ‚werkersklasse'.**

**(b) Gelyke regte vir elkeen in elke opsig en die verwydering van rasseskeidings.**

**(c) Volle stemreg en die reg om verkies te word as verteenwoordigers op alle openbare liggame vir elkeen ongeag sy ras, kleur of geslag."**

Elkeen weet dat 'n regering deur die „werkersklas" in Suid-Afrika 'n swart regering sal wees.

# MOSLEY-BLAD STEUN KERKLIKE BESLUIT OOR SEGREGASIE

**„'n Groot deel van die propaganda wat daarvoor pleit dat nie-blankes op 'n gelyke voet met blankes in dieselfde grondgebied behandel moet word, is niks anders as 'n skynheilige begeerte om die naturel se laere lewenspeil uit te buit vir hoë nywerheidswinste nie," skryf Oswald Mosley se blad Union na aanleiding van die kerklike kongresbesluit in Bloemfontein ten gunste van algehele skeiding tussen die rasse. Die blad verklaar dat die kerklike besluit van besondere gewig sal wees in enige verdere oorweging van die rassevraagstuk in Afrika, aangesien die leiers van die kerke nie daarvan beskuldig kan word dat hulle die naturel wil uitbuit nie.**

Hy verwys na die besluit dat alle naturelle-arbeid mettertyd in blanke gebiede vervang sal moet word deur blanke arbeid, en verklaar:

„Uit hierdie besluit blyk duidelik dat die kerke begerig is om te verhoed dat die naturelle uitgebuit word as 'n minderwaardige bron van ongeskoolde werkers in die myne en elders waar hulle werk doen wat die witman vermy, en segregasie voorstaan as die enigste metode waarvolgens albei rasse hul natuurlike regte kan handhaaf sonder onhoudbare wrywing.

**OORSPRONG**

**„Ons kan ons voorstel waar die bittere verset teen hierdie beleid sy oorsprong het wanneer ons daaraan dink watter uitwerking die vervanging van laagbetaalde naturelle-arbeid deur hoogbetaalde blanke arbeid in die myne op die goudmyndiwidende sal hê. 'n Groot deel van die propaganda ten gunste van die behandeling van wit en swart as gelykes in dieselfde grondgebied, is inderdaad 'n skynheilige begeerte om die naturel se laer lewenspeil uit te buit vir hoë nywerheidswinste.**

**NOODLOTTIGE BELEID**

„Diegene wat meen dat dit maklik sal wees om die kolonistе van Suid-Afrika te dwing tot die aanvaarding van 'n teoretiese rassegelykheid in belang van kapitalistiese uitbuiters, moet in gedagte hou dat so 'n beleid heeltemal noodlottig was in die geval van die Amerikaanse kolonies teen die einde van die agtiende eeu. Dit is noodsaaklik om die vriendskap van Suid-Afrika te behou in die toekomstige ontwikkeling van die Afrikaanse vasteland — so noodsaaklik vir Europese welvaart en ekonomiese onafhanklikheid van Amerika en Rusland.

**„Ons begeer nie nog 'n breuk met die baanbrekers van 'n tweede kontinent nie, en hierdie besluit van die Nederduits Hervormde Kerke kan deur die ampsbekleders van Whitehall slegs met gevaar vir hulself oor die hoof gesien word. Die reaksionêre Attlee kan gerus oppas dat hy nie die rol van 'n tweede George III speel nie."**

*Die Vergetenes Van Duitsland (2)*

# Slegs Die Uitgelesenes Het Teruggekeer Na Die Lewe

(ONS DUITSE KORRESPONDENT)

**In die somer van 1948 het die toenmalige Russiese minister van buitelandse sake plotseling verklaar dat Rusland tot aan die einde van die jaar *alle* Duitse gevangenes sou vrylaat. Vir die eerste keer het die Duitse volk toe gewaar geword dat die totaal van die Duitse gevangenes in Rusland nie meer as 890,000 sou beloop nie. Die vreugde oor die aangekondige vrylating van alle gevangenes deur Molotof was groot, maar nie minder groot ook die skrik wat die lae syfer van 890,000 veroorsaak het nie. Volgens skatting moes daar nog meer as drie miljoen mense — soldate en ontvoerde burgerlikes — hulle in die Ooste bevind, 'n getal wat deur die Duitse leërowerhede (insover die leërargiewe nie in die laaste fase van die oorlog vernietig of deur die Geallieerdes beslag op gelê is nie) gestaaf kon word.**

**„Waar is die ander dan?" — dit was die vraag wat hom met angs aan elkeen in Duitsland opgedring het. Omgekom? Meer as drie miljoen gesterf? Dit was byna gelooflik. Of het die Sowjet doelbewus so 'n lae syfer genoem om Duitsland en die wêreld te laat glo dat daar nie meer as 890,000 mense in Russiese kampe was nie — 'n misleidende maneuver ten einde die res van die gevangenes soveel makliker as slawe in die Russiese uraanmyne te laat verdwyn?**

Geen mens kan hierop 'n juiste antwoord gee nie. Duitsland weet ongeveer hoeveel mense in die Ooste nog vermis word, maar hoeveel van hulle nog lewe of wel inmiddels omgekom het, weet niemand hier nie. Hierop — en dan ook alleen wat die nog lewendes betref — sal net die Kremlin in staat wees om 'n antwoord te gee. Want volgens berigte van teruggekeerde gevangenes het die Sowjet eers in 1947/48 begin om hul krygsgevangenes te registreer. Wie dus voor daardie tyd gesterf of wel omgekom het, wie in die gevegte om Stalingrad tot by Berlyn dood of gewond bly lê het — en dit is helaas die meeste — is nêrens geregistreer, sodat oor die lot en getal van hierdie mense nooit weer iets bekend sal word nie.

### STRENG GEHEIM

**Aan die gevangenes wat toegelaat word om terug te keer, is dit streng verbode om die name bekend te maak van diegene wat vroeër of later in Russiese kampe omgekom het. Alle gevangenes wat teruggeneem word, word eers deeglik deurgesoek te neinde te verhinder dat naamlyste saamgeneem word waardeur familielede verwittig kan word van gevangenes wat nog lewe of oorlede is.** Slegs onder groot lewensgevaar het dit sommige nou en dan geluk om 'n sorgvuldig saamgestelde lysie uit te smokkel.

Hierdie syfers, veral wat die oorledenes betref, is angswekkend en bevestig die ontsettende vermoede dat Duitsland waarskynlik in Russiese kampe en veral onder weg daarheen groter verliese gely het as op die slagveld self.

### MILJOEN

Dat die deur Molotof genoemde getal van 890,000 nie die totaal van die nog lewendes uitmaak nie, het, Goddank, inmiddels aan die lig gekom. Al het daar aan die aangekondigde vrylating van 890,000 man in 1948 nog honderdduisende ontbreek, is hierdie getal deur verdere transporte in 1949 en 1950 byna tot 'n miljoen ingehaal — dit wil sê die getal van teruggekeerde gevangenes uit Rusland beloop tot op die hede nagenoeg 'n miljoen. **Miskien regverdig dit die hoop wat nog steeds in Duitsland gekoester word dat van die orige miljoene wat nog vermis word, nog meer lewe as wat na die bekendmaking van Molotof in 1948 gevrees was.**

### UITGELESENES

Diegene wat lewend aan die Russiese doringdraad ontkom het, behoort stellig tot die uitgelesenes, en wel in tweërlei sin: **eerstens omdat hy aan die onmenswaardige en onmenslike bestaan as Russiese krygsgevangene — aan disenterie, vlekkoors, honger, koue en terreur — die nodige fisiese en geestelike weerstand kon bied; en tweedens omdat hy nie toevallig aan die groep gevangenes behoort wat deur die Sowjet om allerlei redes teruggehou word nie — tot diegene wat tot dwangarbeid in die Taigo van die Noorde of in die steppe van die verre Ooste veroordeel is, slagoffers van 'n onbegryplike regspraak ('n uitdrukking wat hier 'n afskuwelike sinisme is), wat weens onbeduidende, meestal deur hongergedryfde oortredings, tot tien, ja selfs 25 jaar dwangarbeid veroordeel is.**

### KOMMER

Sal die Sowjet ooit die getal en name van hierdie mense openbaar? Sal die knellende kommer van die tallose Duitse vroue, ouers en kinders ooit van hulle afgeneem word? Hoelank sal hulle nog vergeefs op die stilhouplekke van Russiese gevangenetreine staan en wag vir 'n man, 'n seun of 'n vader, vergeefs ou, deur jarelange gebruik afgeslete foto's aan die teruggekeerde gevangenes toon en vra: „Ken iemand van julle hom, het iemand hom in 'n Russiese kamp teëgekom? Lewe hy nog?" Baie, veels te veel sal vergeefs bly wag — die getal van hulle wat reeds in die eerste jare van hul gevangeneskap oorlede of liewer omgekom het sonder dat hulle geregistreer was, is baie groot.

### SKIELIKE VERANDERING

Die Russe is ondeurgrondelik. Vanaf Maart 1949 het daar plotseling sonder bekendmaking vooraf van 'n datum van aankoms die een gevangenetrein na die ander by die grensdorp Frankfort/Oder aangekom. En wat sedertdien nog meer verbasend was, was die veranderde voorkoms van die krygsgevangenes. In plaas van die ellendsgedaantes van die voorafgaande jare, wat voldoende getuig het van die lewe in die Ryk van Stalin wat die doodstraf oorbodig gemaak het, het daar nou skielik songebruinde en met nuwe uniform-toegeruste manne verskyn van wie dertig persent as gesondes kan deurgaan. **Tot dusver was, volgens statistieke, slegs 5 persent van die teruggekeerdes in staat om te werk.**

### LAASTE KANS


Propaganda-transporte? Die gevangenes weet dit self nie. „Miskien," so vertel hulle, „het die Sowjet van idee verander — dit kan jy by hulle nooit

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

weet nie. Maar dit is 'n feit dat ons sedert ongeveer 'n jaar die geleentheid kry om iets by te verdien. Vir 60 roebel kan jy dan in Rusland 'n pond botter koop en 'n kilogram margarine vir 30 roebel. **Wie toe nog kans gesien het om met sy laaste bietjie kragsinspanning iets by te verdien, het miskien nog die laaste kans gehad om na die lewe terug te keer. Maar die voorafgaande jare . . ."** — hul oë wat so pas nog van vreugde geflikker het oor die weersiens tuis, lyk ineens koud en afgetrokke, skyn êrens ver in Rusland te wees, agter Russiese doringdraad wat op hulle almal — uitgemergelde en doodsiekes of dan wel gesondes — 'n stempel nagelaat het.

## „'n Uitgelesene"



# Party Sal Hoofdoel Dalk Laat Vaar Vir Meer Stemme

**Bespiegelings oor die volgende Britse verkiesing wat in Oktober hierdie jaar verwag word, gee 'n interessante insig in die werkinge van die partypolitieke brein. In 'n koerantoorsig van die moontlikhede skryf die korrespondent van die Cape Times dat die Arbeidersparty 'n konferensie belê het waar besluit sal word oor die aard van die verkiesingsmanifes.**

**Die stryd binne die konferensie sal eintlik gaan oor die vraag of daar weggehardloop sal moet word van die nasionaliseringsbeleid waarmee die vorige verkiesing geveg is, en of hierdie beleid verskerp moet word.** Nadat die korrespondent melding gemaak het van die bevindings van 'n ondersoek na die reaksies op die vorige verkiesingspropaganda, verklaar hy:

**„Dit skyn of hierdie sake (nasionalisering van suiker en sement en hervorming van versekering) vir die party stemme verlore laat gaan het, en meeste van die leiers sal volgende keer hierdie sake liewer wil laat rus.**

„Die vraag sal dan wees of die Arbeidersparty in Oktober die stryd moet aanknoop met 'n program van gematigde ekonomiese beplanning, en of die party meer sukses sal hê indien hy sy verskille teenoor ander partye beklemtoon. Ek verneem dat diegene wat die laaste rigting voorstaan, sal aandring op die volledige nasionalisering van die chemiese nywerheid. Indien dit aangeneem word, sal die Arbeidersparty op 'n sterk manifes veg.

**„Indien dit nie aanvaar word nie, sal daar weinig of geen melding van nasionalisasie in die verkiesingsprogram gemaak word nie."**

**Nasionalisering van nywerhede was in die verlede die hoofideaal van die Arbeidersparty.)**

# Russe Moet Politiek Dink As Hulle Skaak Speel

Die Kommunistiese blad Guardian berig dat daar 'n nuwe skaakspel in Rusland ontwerp is. Die rooi stukke is almal werkers — ook die „koning" en „koningin". Die agt pionne het elkeen 'n hamer en sekel in die hand.

Die swart stukke se pionne is werkers met kettings om hul lywe wat die kapitalistiese bande voorstel. Die koning is 'n geraamte in 'n harnas, die biskoppe is howelinge in opgewekte kleredrag en die koningin 'n modepop.




Besien Suid-Afrika—
beskerm deur
'n Motorpolis by

SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke en Agentskappe Oral
2808-11a






ROOK
Kommando
Die Vriendelike Sigaret
GI-3006

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### ALGEMEEN

**Geagte Vriende.**—In belang van alle adverteerders, wil ek u vra om asseblief liewers u naam en adres in drukskrif (nie aanmekaar nie) in briewe te meld wanneer u iets bestel. Dit sal misverstand uit die weg ruim. Baie dankie vir u ondersteuning — **J. F. Stemmet,** Kloofhuis, Knysna.
24/5/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.**
19/4/TK

### TE KOOP

Muilswingels teen 6/- en donkieswingels 5/6 een, trek, draaghoute teen 6/- een, op Serpentine systasie gelewer. **Koos Botha.**
3/5/4

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

### MUNISIPALITEIT VAN KIRKWOOD VAKATURE: VOORMAN: PUBLIEKEWERKE

Aansoeke word hiermee gevra, en sal deur die ondergetekende ingewag word tot 12-uur middag DINSDAG, 30 Mei 1950, teen 'n salaris van £360 (lewenskoste ingesluit) per jaar.

Applikante moet volledige besonderhede verstrek aangaande hul ouderdom, nasionaliteit, bevoegdhede en ondervinding. Ondervinding van konstruksiewerk en pomptoestelle 'n vereiste.

Die suksesvolle applikant sal 'n proeftyd van ses maande moet dien.

Merk koeverte „Applikasie".
**B. J. A. Venter,**
STADSKLERK.
24/5/1.

# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .
Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .
Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .
het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................

..............................

..............................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# POLE EIS VERHOOR VAN RUSLAND AS SLAGTER VAN KATYN

**Die Poolse vereniging van voormalige Russiese politieke gevangenes, van wie genl. W. Anders een van die leiers is, het 'n dokument opgestel wat tans dwarsdeur die wêreld versprei word waarin hulle eis dat die slagters van Katyn voor 'n internasionale hof gedaag moet word. Ses leiers van die organisasie wie se name onder die dokument verskyn, bied aan om as aanklaers op te tree by so 'n verhoor.**

Die dokument verwys na die verdwyning van 14,600 Poolse krygsgevangenes, van wie die meerderheid offisiere, in Rusland in die voorjaar van 1940, en die ontdekking van hul massagraf in 1943 deur die Duitsers in die bos van Katyn. Hoewel alle gegewens getuig dat die Russe hierdie ongewapende Poolse offisiere massa-gewys vermoor het, is die skuldigdes tot hede nog nie tot verantwoording geroep nie.

„Die wêreldgemeenskap van vrye volke," aldus die dokument, „huldig die idee van geregtigheid en menslike regte en beroem hom op die beginsels van demokrasie en menslikheid wat hul stelsels van selfregering beheer en hul lewenswyse bepaal, **maar hierdie selfde gemeenskap van vrye volke sidder vir die idee om vir hierdie beginsels te veg wanneer die brutale mag van Sowjet-totalitarisme hierdie beginsels bespot en dit sonder die minste aarseling verkrag. In 'n misleide hoop op eie redding sit die Westerse volke maar en toekyk hoe die alles-vernietigende Russiese imperialisme die een land na die ander insluk in Europa en Asië terwyl hy een stryk deur die veld voorberei vir die verslinding van nog meer kontinente van die Westelike Halfrond en die res van die mensdom.**

### EIS VERHOOR

„Die misdaad van Katyn is, selfs onder 'n leërskaar ander, 'n besondere skreiende en aaklige maatreël van barbaarse wreedheid, die uiterste minagting vir die sedelike beginsels wat die mens sedert onheuglike tye beheers het en die elementêre haat vir alle waardes wat deur die Christelike beskawing gehandhaaf word.

„Laat ons Pole, wat versprei is oor die lande van die wêreld wat nog hul vryheid geniet en tussen mense woon vir wie die geloof in God en die agting vir die mede-mens nog geld, ons stemme verhef in 'n besliste eis vir die verhoor en straf van die Katyn-misdadigers. **Ons eis van die V.V.O. en alle regerings die instelling van 'n tweede hof vir die verhoor van die massamoord van wie die daders nog steeds ongestraf gebly het hoewel tien jaar reeds sedert die afskuwelikheid verloop het, en vyf jaar sedert die einde van die oorlog en die instelling van die wêreldhof vir die verhoor van Duitse misdadigers in Neurenberg.**

### „ONS BESKULDIG"

**„Ons beskuldig plegtiglik die regering van die Unie van Sowjet-republieke van die pleging in die voorjaar van 1940 van moord op 14,600 hulpelose Poolse krygsgevangenes by Katyn; of in ander woorde, ons beskuldig hierdie selfde Sowjet-regering van 'n misdaad teenoor die mensheid op so 'n ongekende massaskaal dat dit slegs binne die terme van volkemoord val.**

„Ons is te enigertyd bereid om voor enige hof te verskyn as die aanklaers.

„Ons beroep ons op die gesamentlike gewete van die wêreld en die oordeel van die volke."

Dan volg die naamtekeninge van ses Poolse leiers, onder wie genl. Anders, opperbevelhebber van die Poolse leër tydens die oorlog.

## Kongres Oor Indiërs

'n Volkskongres insake die Indiërvraagstuk word op 31 Mei om 10 vm. in die Stadsaal van Vereeniging gehou, volgens 'n aankondiging van die hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging uit Pretoria, onder wie se beskerming die kongres sal plaasvind.

Die Kongres word gehou na aanleiding van die reuse-aandeel wat Indiërs aan die onlangse naturelle-onluste gehad het en na aanleiding van sekere voorgenome wetgewing wat die belange van die beweging ten nouste raak.

Die hoofbestuur van die Transvaalse Landbou-nie het op sy jongste sitting in Pretoria die organisasie se volle morele steun aan hierdie onderneming toegesê.

Die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging lê hom nie alleenlik daarop toe om 'n intensiewe studie van die Indiërprobleem in Afrika te maak nie, maar doen ook alles in sy vermoë om die blanke handel tot so 'n mate te bevorder dat dit vir geen blanke nodig sal wees om die Indiërhandel te ondersteun nie. Die beweging het sy aandag in die afgelope tyd heelwat aan die naturellehandel gewy. Enige vorm van Indiërindringing word aktief beveg.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## SUTHERLAND SE HULDE

**Mev. C. E. Theron skryf namens Sutherland se O.B.:**

Die gemeenskap van Sutherland is diep geskok deur die onverwagte heengaan van ons pastoriemoeder, mev. Brink.

Hoe onvermoeid het sy gearbei, hoe veelsydig was haar pligte nie. Nooit het sy teruggedeins nie, hoe groot ook die taak. Nooit het sy gekla dat sy moeg was of nie tyd had vir andere nie.

Daar is haas geen vertakking van die samelewing in ons dorp, waar sy nie gemis sal word nie. Ook in wyer kringe van ons Volkslewe was sy goed bekend en had sy dikwels geleentheid om aan andere van haar talente mee te deel. Haar voetspore het oral diep afdrukke gelaat en herinneringe sal onuitwisbaar bly.

Die begrafnis het getuig van haar lewe, dit was die grootste in die geskiedenis van Sutherland.

Ook in die O.B. sal haar stem, wat ons so dikwels aangespoor het en leiding gegee het, stil wees, maar haar voorbeeld en invloed sal nooit uitgewis kan word nie. Ons bring hulde.

Ons wil haar eggenoot, ds. Brink, haar kinders en wye familiekring verseker van ons innigste en diepste meegevoel. Mag die Here self die leë plek opvul en hulle Sy vertroosting gee.

## VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

24 Elizabeth Rossouw, Kakamas.
25 Charlene Celliers, Wellington.
Hester le Roux, Buurmansdrift.
26 Cornelia Venter, Groot Marico.
Batricia Sharpe, Adderleystraat, Oudtshoorn.
Nicolaas Janeke, Frankfort.
Christine Lamprecht, Koffiefontein.
Emmerentia Nortje, Kaffierskraal, Tvl.
27 Cecilia Smit, Jeppe, Johannesburg.
Anna Coetzee, Bosbokrand.
Johannes Snyman, Zeerust.
28 Anna Reitz, Oudtshoorn.
Cecilia de Jager, Boshoek.
29 Marie du Toit, Wellington.
Casper du Toit, Frankfort.
Sofia Robbertse, Rustenburg.
30 Lourens Erasmus, Vryburg.
Koos Moolman, Upington.

# 'Geweld Het Joodse Vryheid Gebring'

**Dit was hierdie week twee jaar dat die Joodse staat Israel amptelik tot stand gekom het. Brittanje het sy erkenning de jure weerhou tot 'n paar weke gelede. Intussen kla die Jode baie oor die feit dat daar 'n wapenverbod teen Israel is, maar nie teen die Arabiese lande wat Israel omring nie.**

In 'n onlangse uitgawe van die Jewish Herald verwys 'n medewerker na 'n boek wat onlangs van die hand van 'n Brit, majoor R. B. Wilson, verskyn het waarin die Britse kant van die Palestynse stryd weergegee word. Die blad vind dit belangwekkend om daarin 'n erkenning van Britse kant te kry dat die Joodse geweldadde die belangrikste faktor was wat tot die Joodse onafhanklikwording bygedra het. Dit lui:

„Een erkenning is egter van die uiterste belang en dit behoort onder die aandag gebring te word van diegene wat die voortreflike bydrae van die ondergrondse beweging tot die onafhanklikheid van Israel ontken. Majoor Wilson verklaar:

„,Wanneer 'n poging aangewend word om op te som wat hulle (die afwykende Joodse groepe) bereik het, kom sommige sake op die gebied van politieke menings, wat buite die bestek van hierdie verslag val. **Sonder twyfel het die ekstremiste meegehelp om 'n nuwe krisis in die fundamentele vraagstuk in Palestina teweeg te bring, en die ontwikkelings in daardie rigting het uiteindelik gelei tot die beëindiging van die mandaat."**

# BRITTANJE DIE OORSAAK DAT OORLOG HANDUIT GERUK HET, SÊ BRIT

**In 'n vorige artikel het ons grepe gepubliseer uit Peter H. Nicoll, die Engelse geestelike, se opspraakwekkende boek: Britain's Blunder, wat gehandel het oor Groot-Brittanje se skuld aan die ontketening van die tweede wêreldoorlog. In meegaande artikel is aanhalings oorgeneem uit Nicoll se boek wat die ongekende skending behandel van die regte van neutrale lande gedurende die groot wêreldstryd. Nicoll vertel wie eerste die Volkereg verbreek het en waarom Brittanje aangedring het op die onvoorwaardelike oorgawe van Duitsland.**

Gedurende die tweede wêreldoorlog is die regte van neutrale volke geskend op 'n skaal wat ongeëwenaar is in enige vorige oorlog. Om vas te stel wie hoofsaaklik verantwoordelik is vir hierdie reuse-misdaad moet ons daardie moondheid aanwys wat eerste die misdaad gepleeg het. **Want as die wet eers eenmaal verbreek is, in so 'n verwoede botsing, is dit onvermydelik dat 'n golf van wetteloosheid sal volg. En wie eerste hierdie misdaad gepleeg het is welbekend en het self skuld erken. Dit was Brittanje. Hy het Noorweegse waters binnegeseil en myne daar gelê om die vervoer van ystererts na Duitsland van Swede af te belemmer en hy het die Altmark agtervolg tot teenaan die Noorweegse kus ten einde gevange Britte vry te laat.**

### DUIDELIKE OORTREDING

Dit was so klaarblyklik 'n verbreking van neutrale regte en van die volkereg dat die Britse regering dit openlik erken het. **Hul ekskuus was dat Duitsland die gees van die wet verbreek het, hoewel nie die letter nie. Dit was inderdaad 'n uiters floue ekskuus.**

Hierdie stukkie Britse wetteloosheid was op sigself nie so belangrik nie; **die eintlike misdadigheid daarvan is geleë in die feit dat dit die sluise oopgetrek het vir die golf van skendings van neutrale regte wat gevolg het.** Duitsland het vanselfsprekend teruggeslaan; want as Brittanje die regte van neutrale lande mag skend wanneer dit hom pas, was daar geen perke aan sy optrede nie. Die hartare van Duitsland kon maklik afgesny word as Brittanje eenvoudig die regte van neutrale lande ignoreer.

### VOORSORG GETREF

**Die gevolg was dat Duitsland onmiddellik stappe gedoen het.** Hy het ook die regte van neutrale lande verontagsaam — en wel op 'n meer uitgebreide skaal. Hy het besluit dat as Brittanje die neutrale kuslyn van Europa onwettig gaan gebruik om sy aanval op Duitsland te ondersteun, dan moet hy stappe doen om hierdie groot gevaar vir homself af te weer. Derhalwe het Duitsland Denemarke binnegeval en ook Noorweë om homself te beskerm. Dit is waar dat Duitsland hierdeur die wet op groter skaal verbreek het as wat Brittanje gedoen het, maar die punt is dat Brittanje eerste die wet verbreek het, die beginsel van neutraliteit geskend het, en derhalwe sy teenstander verplig het om dieselfde te doen en hom boonop 'n voldoende ekskuus vir sy dade verskaf het.

### VREDESVOORSTELLE

Maar Brittanje se optrede was nie die enigste rede vir hierdie groot uitbraak van wetteloosheid nie. Die Duitsers het 'n baie sterker motief en drang gehad — en een wat die Britse patriot en staatsman nog altyd geïgnoreer of weggesteek het. Na die Poolse veldtog het Hitler vredesvoorstelle gedoen op die grondslag van gesamentlike ooreenkoms van al die moondhede sowel met betrekking tot die toekoms van Pole as tot enige ander saak van internasionale belang op die vasteland. **Dit was 'n baie redelike aanbod. Brittanje, egter, het dit goedsmoeds verwerp en voorkeur gegee aan 'n beleid van oorlog tot die bittere einde toe.** En hierdie bittere einde is uitdruklik geformuleer en gepubliseer vir die hele wêreld om te weet. **Dit was die onvoorwaardelike oorgawe van Duitsland.**

### ONREDELIK

**Hierdie verskriklike doel was die onredelikste en skandaligste beleid wat moontlik gevolg kon word deur enige land wat voorgegee het vredeliewend te wees en regdenkend en godsdienstig. Dit het eenvoudig rede en geregtigheid verontagsaam. Dit was 'n beleid wat opgestel is om Duitsland te vernietig en nie net die Nazi-bewind nie — en hierdie doel is pronto verklaar.** Dit het beteken dat Duitsland die vooruitstrewendste nasie op die vasteland, uitstaande bo alle ander as die wieg van die kunste en die wetenskappe, die hardwerkendste die begaafste, die hoogontwikkelde in byna al die vertakkinge van die beskawing — dat hierdie nasie verpletter en onder die voete vertrap moes word, die ongelukkige en hulpelose slagoffer van die haat, woede en wraaksug van sy veroweraars.

### VERVULLING

Indien hierdie skets van die betekenis van onvoorwaardelike oorgawe oordrewe klink, **dan het die vervulling daarvan bewys dat dit nie oordrewe is nie.** Want die magtige en weldadige Duitsland wat die wêreld verryk, opgevoed, verras en genees het soos seker geen ander volk nie, lê tans uitgestrek, swaar verwond, verpletter en kwynend onder die hiel van sy barbaarse veroweraars. Dit is seker dat as Hitler die oorlog gewen het, en hy Brittanje behandel het soos Duitsland vandag behandel word, geen woorde vuil genoeg sou gewees het om so 'n bees van duiwelse slegtigheid te beskryf nie!

### GEVOLGE

Toe Hitler agtergekom het dat Brittanje nie oorlog voer om een of ander denkbeeldige kwaad te herstel nie; om die soewereine onafhanklikheid van Pole te verdedig nie; om 'n stukkie geregtigheid êrens in Europa te bewerkstellig nie; maar wel oorlog voer om sy geliefde vaderland en die Duitse erfenis, volk en roeping geheelenal te vernietig — toe het daar in sy binneste die vasberadenheid ontkiem om elke middel aan te wend om hierdie duiwelse voorneme te verydel — selfs al sou die middel beteken verontagsaming van internasionale gebruike. **En wie mag verbaas wees oor sy besluit?**

Waarom weier Britte, wat spog met hul liefde vir „fair play" om te erken dat toe Hitler Denemarke en Noorweë binnegeval het hy reeds geweet het dat hy te kampe het met 'n Brittanje wat nie oor Pole veg nie, maar dat hy in 'n stryd gewikkel is vir die letterlike voortbestaan van Duitsland teen 'n onverbiddelike vyand wat onderneem het om te veg totdat Duitsland geheelenal en vir altyd vernietig is. En bowendien was en is dit die grootste gedeelte van die Britse publiek so onredelik dat hulle voortdurend voorgee asof Hitler se besetting van hierdie lande 'n poging was om hulle te domineer en te regeer, m.a.w. dat hy hulle beset het vir doeleindes van hooghartige verowering.

### DIE WAARHEID

Inteendeel het Hitler hierdie lande binnegeval in 'n desperate poging tot verydeling van die Britse doel om Duitsland totaal te vernietig. Terwille van die **waarheid moet dit dus gesê word dat Brittanje nie alleen die hoofoorsaak was van die oorlog wat in 1939 verklaar is nie, maar dat Brittanje ook die direkte en eintlike oorsaak was van die groter oorlog wat oor die wêreld gesprei het — en wel as gevolg van sy wrede, immorele en kwaadwillige strewe na die algehele vernietiging van Duitsland, selfs ten spyte van enige aanbod of voorwaarde wat laasgenoemde mag maak of aanvaar.**

# JODE-HAAT EN JOODSE HAAT

**Feitlik gelyktydig met die besluit van die Drie Grotes om groter vryheid aan Wes-Duitsland onder die besetting te gee, het die Joodse wêreldkongres 'n dokument aan die Amerikaanse departement van buitelandse sake oorhandig waarin gekla word oor die „verontrustende herlewing van Nazi-gesinde rigtings" in Duitsland, wat na elke skietgewing van die Geallieerde beheer toegeneem het. Oud-Nazi's, so word verklaar, maak 'n baie groot deel van die staatsdienspersoneel uit.**

Die memorandum kla verder dat denazifikasie 'n mislukking was en 'n groot rede daarvoor is dat die regters self oud-Nazi's is. Tagtig persent van die personeel van die departement van justisie is „klein oortreders", met inbegrip van die meerderheid voormalige Nazi-regters wat denazifikasie-sake waargeneem het. Slagoffers van Nazivervolging, so gaan die klagskrif voort, aan wie huise in Stuttgart toegeken is, is nou uitgeskop ten einde plek te maak vir S.S.-manne.

Amptenare wat onder die Geallieerde denazifikasiemaatreëls gely het, doen nou stappe om skadevergoeding te verkry en, na bereken word, sal 350,000,000 mark uit die openbare inkomste uitbetaal moet word vir hul pensioene ens.

### DUITSERS BESTOOK MET EIERS

**'n Berig in die Jewish Herald meld dat New Yorkse Jode 'n betoging gehou het teen die ontvangs van 'n Duitse voetbalspan en dat laasgenoemdes deur die Jode met eiers en tamaties bestook is.** Die Amerikaanse regering het drie studente in verband met die voorval in hegtenis geneem en gesê dat dit 'n Kommunistiese betoging was. **Die Joodse leiers het egter 'n verklaring uitgereik waarin hulle hul ten volle met die opstootjie vereenselwig en spyt uitspreek dat die nuus van die onthaal van die Duitse voetbalspelers nie eerder bekend geword het nie, anders sou daar „'n groter vertoon van ontevredenheid" van New Yorkse Jode gewees het.**

Toe 'n foto van die Duitsers op die trappe van die stadsaal geneem is, het die Jode daarin geslaag om hulle met eiers en tamaties te gooi.

'n Joodse berig meld dat daar in Amerika 57 anti-Joodse organisasies bestaan en dat hulle in die afgelope jaar £350,000 aan bydraes ontvang het.

## *Atoombom In Klein Formaat*

Die Verenigde State het nou baba-atoombomme vervaardig wat klein genoeg is om deur spuitvliegtuie vervoer te word, luidens 'n aankondiging van amptenare in Washington.

Dit beteken nie noodwendig dat die kleiner bomme swakker is nie, sê hulle. Daar is egter nie verklaar hoe sterk die baba-A-bom is nie. Die geheim van die nuwe bom lê in sy nie-ontplofbare dop wat die vermindering van die grootte van die bom moontlik maak. Die grootte van die bom word bepaal deur die hoeveelheid spleetbare stof — bv. uraan 235, of plutonium — wat saamgebring moet word om 'n ontploffing te veroorsaak.





**BEROEMD *en* WELBEKEND**
***oor die 66 jaar vir***
**BESTE WAARDE**
***in***
# KLAVIERE
***VLEUELKLAVIERE***
***HUIS- EN KERKORRELS***

**sowel as alle**

**ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.**
**GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE**
**BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid**

***Spesiale Afdeling:***
**WAPENS**



**PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase**
**Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.**

***Nuwe afdeling vir***
**YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels**
# R. MÜLLER (Eiens.) BPK.
**Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD**

# Russiese Volk Ryp Vir Politieke Bearbeiding

**Daar is verlede week berig dat die Amerikaanse regering hom in die toekoms gaan toelê op groter bearbeiding van die Russiese volk deur middel van radio-propaganda. 'n Stap soos hierdie is lankal deur waarnemers van die wêreld-toneel bepleit, en die deeglik ingeligte joernalis De Courcey hou vol dat die Russiese volk baie vatbaarder vir 'n politieke oorlog is as wat in Westerse kringe geglo word. In een van die jongste uitgawes van sy Intelligence Digest gee hy 'n oorsig van die elemente van verbrokkeling in Rusland. Hy meen dat die toestand 'n behoorlike ondersoek deur die Atlantiese moondhede en 'n besliste beleid na bevinding regverdig.**

Hy verklaar dat sy waarnemers in Rusland van mening is dat indien die Westerse moondhede 'n paar jaar tyd deur sterk op te tree kan wen, en dit dan reg gebruik, Rusland se swakheid groter sal blyk as sy krag. In Rusland self, dit wil sê die gefedereerde Russiese republieke, is 'n gevoel van onrus by die bevolking waar te neem. Dit openbaar hom in 'n mate van nalatigheid en slordigheid aan die kant van die ondergeskikte amptenare wat daartoe gelei het dat individualisme sy kop begin uitsteek op gekollektiveerde plase. Dit beteken dat die partymasjinerie nie meer behoorlik werk nie.

**„HERSKEPPING"**

**Aan die wortel van hierdie verskynsel lê Stalin se beleid van grensuitwissing — „Stalin se beleid van herskepping van die natuur", soos dit genoem word. Die wese van hierdie beleid is die stelselmatige uitwissing van die onderskeie volksaarde, plaaslike lojaliteit en tradisies van die verskillende groepe waaruit die Sowjet saamgestel is.** Die vorm wat hierdie uitwissing van grense aanneem, is grootskaalse volksverskuiwings van die een gebied na die ander. Deur hierdie gedwonge bloedvermenging van die verskillende nasionaliteite hoop Stalin om 'n eenvoudige Russiese volk te skep.

**NUUSKANALE**

Hierdie ontwortelde groepe, met allerhande verbondenhede aan hul tuistes, openbaar hul nou as een van die grootste vraagstukke waarmee Rusland te doen kry. Ondanks die moeilikhede van staatstoesig het meeste van hierdie verplaastes op een of ander wyse kontak bly hou met hul familie en kennisse — selfs die ongeletterdes het daarin geslaag. **Hierdie verbindings het ontwikkel tot 'n soort inligtingskanaal sodat die paar honderdduisend ontwortel-des inderdaad 'n reuse-korps van verslaggewers geword het, en daar inligting versprei word uit die mees afgeleë dele wat nog nooit in enige koerant was nie.**

**BESKULDIG ATOOMBOM**

Hierby kom nog dat die Russiese gemoed baie ontvanklik is vir dinge bokant sy begripsvermoë. Die gevolg is dat snaakse en onruswekkende gerugte die ronde doen. Op die wyse het die Russiese volk al iets van die atoombom te wete gekom voordat nuus daaromtrent aan buitestanders uitgelek het. Bygeloof en verbeelding speel 'n belangrike rol hierby, en alle teenspoed word toegeskryf aan die atoombom wat òf die aardkors sou laat kraak òf die Noordpool aan die beweeg gesit het. **Mense kom bymekaar om die gerugte te bespreek, en persoonlike belange tree weer op die voorgrond. Mense wat versigtig was om nie met die goddelose beleid van die staat te bots nie, maak nou weer die teken van die kruis wanneer hulle by 'n kerk verby stap of selfs die huis van iemand wat weggestuur is.**

**KAN GESKIEDENIS WYSIG**

Die toestand het so erg geword dat die Russiese regering alle verkiesings vir die plaaslike sowjets, wat in Maart gehou sou word, vir onbepaalde tyd uitgestel het, en dat sekere gebiede tans feitlik afgesonder is deur 'n algehele beperking op beweging. Dit beteken nog nie dat 'n opstand aan die broei is nie, maar volgens Intelligence Digest, kan met behoorlike leiding van buite, terwyl die tyd ryp is, die hele geskiedenis in 'n ander rigting gestuur word.

**MOHAMMEDANE**

Behalwe hierdie verskynsels in die egte Rusland is daar tekens van opstand in die Asiatiese republieke van die Sowjet. In 5 van hulle is groot volksverskuiwings waargeneem, en veral die Mohammedaanse geloof speel hier 'n belangrike rol. Aangesien sommige van sy mees geheime instellings in hierdie dele opgerig is, voel die Russiese regering uitermate bekommerd oor die toestand, en van die belangrikste politburo-lede is daarheen gestuur.

Ook hierdie element van verbrokkeling, so word gevoel, behoort deur die Weste uitgebuit te word.

## RADIO-OORLOG SAL NOU BEGIN

**Die Verenigde State en Brittanje het verlede Saterdag 'n konferensie in Londen gehou waar 'n nuwe anti-kommunistiese inligtingsprogram vir die hele wêreld bespreek is. Deel van die plan is om inligting aan die mense van die Kommunistiese lande te verskaf deur middel van honderde radiosenders en ander geskikte maniere.**

## Middel Teen Kinkhoes en Bosluiskoors

Terramycin, 'n nuwe kiemdoder wat beskou word as een van die belangrikste uitvindsels na penicillin, word nou in die Unie met groot welslae gebruik. Dit word uit 'n grondskimmel verkry en is veral besonder doeltreffend teen longontsteking en kinkhoes. Proewe dui daarop dat dit ook suksesvol gebruik kan word teen tifus, brucellakoors, bosluiskoors, ens. Een van die groot voordele van hierdie middel is dat dit in die vorm van 'n kapsule gesluk kan word en nie deur 'n geneesheer ingespuit hoef te word nie. Veral vir persone op die platteland wat ver van die dokter is, sal dit 'n baie handige medisyne wees.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Party Werk Dalk Saam Teen Rooies

**Dit het verlede week andermaal geblyk hoe moeilik dit is om 'n saak waaroor almal in beginsel saamstem uit die partypolitiek te lig toe die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, in die volksraad voorgestel het dat die anti-kommunistiese wetsontwerp voor die tweede lesing na 'n gekose komitee verwys word sodat die groots moontlike eenstemmigheid in verband met die maatreël verkry kan word.**

Die voorgestelde maatreël is, in sy huidige vorm, soos ook in Die O.B. uiteengesit, 'n uiters aanvegbare saak omdat dit so wyd en diep sny, maar aan die anderkant kan die Kommunisme nie met halfhartige optrede beKamp word nie en is dit nodig om buite die perke van die liberalistiese demokrasie te gaan. **Albei hoofpartye besef albei hierdie aspekte. Die opposisie kan of durf geen fout vind met doeltreffende stappe teen die Kommunisme nie, en aan die anderkant is die regering hom bewus van die besorgdheid oor die groot mate van ministeriële volmag wat selfs by regeringsondersteuners aanwesig is.** Daar was dus 'n klaarblyklike gemeenskaplike grond in die hantering van die saak, en min. Swart het die weg daartoe van sy kant geopen.

Die reaksie van opposisie-kant moes die buitestander onaangenaam tref. Die Minister se voorstel is wel met hoor-hoors begroet, maar mnr. J. G. N. Strauss se antwoord daarop het meer geklink soos die geknor van 'n kat met die stuk vleis wat hy nou net van die tafel gekry het, tussen sy tande. Hy het dit verwelkom „as darem 'n enkele blyk dat die regering nog by sy verstand is", en daarna losgetrek met 'n aanval op die regering.

Nietemin is die voorstel van die Minister aanvaar en daar kan gehoop word op 'n gesamentlike maatreël in nuwe gedaante.

## Vryer, Dog Bly Beset

Op 'n konferensie van ministers van buitelandse sake van Amerika, Frankryk en Brittanje is besluit op 'n beleid van heropname van Duitsland in die Europese gemeenskap. Die besettingstatuut sal deur amptenare bestudeer word en hulle sal aanbeveel watter stappe gedoen kan word om Duitsland van die beheermaatreëls geleidelik te bevry. **Daar word egter verklaar dat die besettingsgrondslag gehandhaaf sal moet word omdat vredesluiting met Duitsland onmoontlik geword het weens die verdeling van die land.**

# Sowjet-Vriende Reik Verklaring Uit

**Vasberadenheid om voort te gaan met die „belangrike taak" wat hy hom ten doel gestel het, word bevestig in 'n verklaring wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Vrede en Vriendskap met die Sowjet-Unie uitgereik is.**

Hierdie taak is om vriendskaplike, handels- en diplomatieke betrekkinge tussen die Unie en Sowjet-Rusland daar te stel, belangstelling vir, en 'n begrip van Sowjet-kultuur gaande te maak, en om die bestudering van sosiale ekonomiese en ander aspekte van die lewe in Rusland te bevorder. „Ons glo dat die werk van ons vereniging sal help om die gevaar van oorlog te bekamp en sal bydra tot beter verhoudings tussen ons land en die Sowjet-Unie."

In verband met die bedrywighede van die vereniging word gesê dat hy vergaderings organiseer en lesings, rolprentvertonings en geselligheide hou om sy doelstellings te bevorder.

„Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Vrede en Vriendskap met die Sowjet-Unie is 'n niepolitieke en nie-sektariese organisasie", lui die verklaring. 'n Besluit wat hierdie doelstellings herbevestig, is eenparig aangeneem tydens die vereniging se jongste vergadering op 9 Mei in Johannesburg.

As beskermhere van die vereniging word die name aangegee van sen. S. J. Smith, sen. H. M. Basner, oud-sen. R. H. Henderson, mev. M. Ballinger, L.V., mnr. Arthur Barlow, L.V., mnr. A. Hepple, L.V., biskop S. W. Lavis, aartsdeken R. A. H. Urquhart, kanunnik F. W. Hulme, eerw. A. W. Blaxall, eerw. D. C. Thompson, mev. N. Lester, dr. Wulf Sachs, mnr. H. J. Hanson, K.C., mnre. Uys Krige, I. Glyn Thomas, A. Wanless, H. M. Scheier, M. A. Millner en mev. Lavoipierre.

Verenigings wat met die organisasie geaffilieer is, word aangegee as die Klerewerkersvakbond van Transvaal, die Tabakwerkersvakbond. Die Vakbond van Snyers, die Vakbond van Wasserywerkers, die Vakbond van Werkers in die Voedsel- en Inmaakbedryf, die „Concession Stores en Allied worker's Union" en die Springbok Legion — Johannesburg.

# KOMMUNISME IN VAKBOND BEWYS

**Dit is bewys dat mnr. E. S. Sachs, hoofsekretaris van die Klerewerkersvakbond, en die ander leiers hulle beywer het ten gunste van die Kommunisme en die kleurgelykheid wat daarmee gepaard gaan.**

**Hierdie bevinding word deur die kommissie van ondersoek na die sake van die Klerewerkersvakbond uitgespreek in sy verslag.**

**Die Kommissie sê dat hy saamstem met die bewering dat daar Kommunistiese invloede binne die vakbond aan die werk was. Dat mnr. Sachs die fons et origo daarvan was, is ook nie weerspreek nie.**

Dit ly ook geen twyfel dat Die Klerewerker, orgaan van die Klerewerkersvakbond, misbruik was om Kommunistiese propaganda te versprei nie. Dit lyk vir die Kommissie geen onredelike gevolgtrekking om te sê dat as daar aan die Sowjetunie geraak word, mnr. E. S. Sachs, algemene sekretaris van die vakbond, opstandig is nie.

Die kommissie beveel aan dat die Minister die reg moet hê om ondersoek te laat instel as daar getuienis is dat 'n vakbond strydig handel met die belange van sy lede en so 'n vakbond geskrap kan word van die register van vakbonde indien die aanklag gegrond blyk te wees.

**Voorts bevind die kommissie dat dit onwenslik is dat vakbonde met politieke partye geaffileer word. In hierdie geval, waar 80 persent van die vakbond se lede Afrikaanssprekend en nie ondersteuners van die Arbeidersparty is nie, is groot bedrae van die vereniging se fondse gebruik vir politieke doeleindes.**

# Appèlhof Sê Treinapartheid Is Eensydig En Dus Ongeldig

**Volgens 'n uitspraak van die Appèlhof eergister in Bloemfontein is die regulasie waardeur daar voorsiening vir apartheid tussen rasse op Kaapse treine gemaak is, ongeldig. Die hof het bevind dat die maatreël net teen die nie-blankes diskrimineer, terwyl blankes die reg het om enige plek op die trein te beset. Soiets is strydig met die Spoorwegwet van 1922 wat 'n treindiens vir alle rasse ingestel het.**

**Die uitspraak is gedoen na aanleiding van 'n toetssaak deur A. E. Abdurahman wat as lid van die versetkomitee teen apartheid in 1948 in Kaapstad veroordeel is.**

**Die uitspraak van die Appèlhof lui dat aangesien die huidige regulasie voorsiening maak vir die plekreservering van slegs blankes dit 'n partydige of ongelyke behandeling van die rasse meebring, aangesien blankes die reg het om enige deel van die trein te gebruik, maar die nieblankes nie, en laasgenoemde alleen vervolg kan word.**

Toe hierdie maatreël in 1948 ingevoer is, het Die O.B. in sy uitgawe van 18 Augustus geskryf:

**„Dit is egter ongelukkig dat daar nie ook waens uitsluitend vir nie-blankes afgesonder is nie. Soos die toestand nou is, sal blankes nog die reg hê om tussen nie-blankes te ry, met die gevolg dat die nie-blanke onder segregasie eintlik 'n bevoorregting van die blanke sien, wat dit na regte nie is nie."**